

# IGNITE KINDERBEDIENING

Liewe ouers, dit is vir ons as leraars en jeug mentors ‘n groot voorreg om julle kind vanjaar by IGNITE te verwelkom.

## Wat doen die kinderbediening?

IGNITE se doel is om op ‘n praktiese liefdevolle manier vir elke kind te wys en leiding te gee oor wie God is en hoe wonderlik hy in mense se lewens werk. Ons skep ‘n spasie waar kinders met mekaar en hulle mentors iets van God kan beleef en leer. Ons werk ook met huishoudings en ouers deur ouerleiding gesprekke te reël. ‘Ons Huis’ Huisgeloof is ‘n geleentheid waar die hele huishouding saam pret kan hê, en waar ons ouers begelei om met hul kinders oor God en ander alledaagse onderwerpe te kan gesels.
Kinders word elke Sondag afgemerk op ‘n register binne die saal.
Kinders gaan eers erediens toe, en verdaag gewoonlik na die gemeenskapsmoment uit die diens en woon IGNITE tussen 9:15-10:00 by. Ons vra ouers om koffie te drink en geduldig te wag indien ‘n les soms langer mag neem.

## Hoe doen IGNITE dit?

Ons het betroubare mentors by die verskillende jaargroepe wat hulle tyd gee om ‘n pad te stap met die kinders. Die mentors berei weekliks voor vir Sondag se ontmoeting. Ons doen dit deur die kinders te leer van die groot verhale in die Woord en saam ‘n aktiwiteit te doen vanuit die tema, want deur te speel leer kinders ook. Die mentors stuur hulle ook huistoe met ‘n ‘Wegstuur’ om te help om die gesprek by die huis op te tel. Ons reël ook geleenthede wat nie op ‘n Sondag plaasvind nie, sodat die kinders mekaar kan leer ken, pret kan hê en selfs met hul ouers/huishoudings tyd kan spandeer.

## Wie is welkom in IGNITE?

Kleuters tot Graad 6 en hulle ouers en huishoudings. Ons maak spesiaal voorsiening vir kinders uit enkelouerhuishoudings, kontak Karla vir meer inligting.

## Hoe kan jy betrokke raak?

Jy kan 'n mentor word wat weekliks met kinders 'n pad stap. Jy kan per geleentheid betrokke wees deur hulp te verleen of voorbereidings te doen. Jy kan finansieel bydra om kinders en gesinne wat dit nie kan bekostig nie, te befonds. Jy kan ons kinderbediening se geleenthede ondersteun en bywoon.

## KONTAKBESONDERHEDE

Kontak gerus **Ds. Karla Grahan** by **076 201 6646** of e-pos karla@ngmontana.co.za . Jy kan ook ons bedieningsvoorsitter kontak, Annatjie Coetzer by 072 275 8438.

***Gebedsversoeke*:**

- **Bid vir die Kinderbedieningspan elkeen individueel.**
- **Bid vir ons huishoudings met kinders.**
- **Bid vir Ouers wat hulle kinders in God se plan moet opvoed.**
- **Bid vir die vinnige pas tussen Skool, Buitemuurs en die Huis.**
- **Bid dat huishoudings tyd met mekaar sal spandeer en ook saam kan gesels oor God en Geloof.**

> "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."
>
> ***Spreuke 22:6***

